

Vrydag 6 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:12-24

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:20-22

God se “Ja” is al wat saak maak! (Beseëling van die beloftes deur die Heilige Gees)

Twyfel jy dat God getrou is? Bevraagteken jy jou medegelowiges se geloofwaardigheid?

Gebeur dit nie wanneer ons met ons eie oë alles waarneem nie? Dan sien ons nie God raak wat ter wille van sy koninkryk dinge laat gebeur soos dit moet nie. Selfs Paulus moes ter wille daarvan sy reisplanne na Korinte kort-knip en eerder met ’n brief sê wat nie ongesê mag bly nie.

Op die ou end is dit belangrik dat God sy sê moet sê. Dit blyk uit wat Paulus hier sê dat God en ook Paulus self nie wisselvallig of onbetroubaar is nie. Intendeel, Jesus Christus het al God se beloftes tot sy eer kom waar maak. Hyself het sy “Amen” daarop gesit: Dit is waar en seker.

Wat meer is: Hy het gemaak dat ons nou vaste grond onder ons voete het, soos ’n huis ’n fondament het. Deur sy bloed is ons nou syne! Hy het ons met sy eie seël gemerk. Hoekom sal ons langer twyfel dat Hy getrou is? Hy het reeds die eerste betaling gemaak – sy Heilige Gees, die deposito, die vaste waarborg vir ons gegee. Met Hom het Hy begin om die volle som, die ewige heerlikheid met Hom, te gee.

Dis mos sekerheid! Iemand waaraan ons ons lewe kan toevertrou! Kom ons gryp onvoorwaardelik aan God vas. Neem sy Woord as die fondament, die waarborg dat sy “ja” “ja” is. Kyk daarom deur hierdie oë van God rondom jou, en jy sal aan Hom die eer gee!

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)